# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (9/11)*

*Justin Chadwick (11 Maart 2011)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "*Anyone who goes to a psychiatrist ought to have his head examined*"
*S Goldwyn*

## VARIëTSFOKUSGROEPE EN SITRUSBEMARKINGSFORUM

Noudat alle lede van die variëteitsfokusgroepe verkies is moet hul begin om hul streke se oesskattings gereed vir bespreking tydens die VFG op 23 Maart 2011 te kry. Ons skattingsrekord is baie goed – so kom ons doen moeite om weer so na as moontlik aan die ware Jakob in 2011 te kom [en spaar jouself die verleentheid om die "furtherest from the pin" toekenning tydens die finale CMF te ontvang]. Die CMF sal op 24 Maart die VFG se skattings bespreek.

## SITRUS AKADEMIE

Jacomien de Klerk, die energieke hoof van die Sitrus Akademie het die aktiwiteite en uitsette van hul beursfonds gedurende die CGA werkswinkels uitgelig. Dit is nou vyf jaar sedert die Akademie gevra is om beursfondse te administreer. 'n Bedrag van R4 miljoen is direk aan beurse uitbetaal. Die Akademie het egter bewys dat deur net die fondse beskikbaar te stel, nie noodwendig sukses waarborg nie – alle Sitrus Akademie beursstudente word voorsien van 'n reeks van ondersteuningsdienste – dit sluit in persoonlike ondersteuning om die spanning van studie en studentelewe te hanteer (alhoewel vanuit 'n persoonlike ervaring word die meeste spanning self veroorsaak – ek het geglo dat Universiteit die fontein van kennis is waarheen studente kom om te drink), reëlings vir vakansiewerk om die studente aan die werksomgewing bloot te stel en om moontlike werkgewers aan die wat binnekort gaan aansoek doen om werk bekend te stel, geleethede waar hul deur ervaring kan leer waar studente sitrusverwante kongresse, handelskoue of kongresse bywoon, internskap en ondervinding in die werksplek. Hierdie aktiwiteite verdubbel amper die bedrag wat in die studente belê word – en die resultate is 'n eindproduk wat gereed is vir gebruik. Oor die vyf jaar het 112 studente beurse ontvang, 34 is nog besig met hul studies en 11 het nie hul studies voltooi nie, wat beteken dat 57 wel hul studies voltooi het. As deel van hul studieverpligtinge het amal, behalwe een hul tyd in die sitrusbedryf terug-gewerk (die een wat nie het nie, het sy beurs volgens sy kontrak terugbetaal). Van die wat nou werk het 25 in die sitrusbedryf aangebly, 7 werk in ander landbousektore, 6 is by die Departement van Landbou en 3 is in die voedselbesigheids-sektor. 14 gegradueerdes soek werk in die sitrusbedryf – insluitende 2 met MSc's, vyf met BSc's, ses met Nasionale Diplomas in Plantproduksie en een met 'n B Tech in Landboubestuur. Hulle is deur die volledige Sitrus Akademie ondervinding en sal 'n waardevolle toevoeging tot enige besigheid wees. As jy meer inligting oor die Sitrus Akademie of hierdie werksoekers sou verlang, kontak vir Jacomien by jacomien@citrusacademy.org.

## PAAIE

Wat 'n plesier was dit om van Pretoria na OR Tambo vandag in minder as 'n ½ uur te ry, geen vertragings, geen stop/ry - alles voor die wind. Dit is ver van ons ondervinding laas Vrydag toe ons vanaf die roadshows in Mpumalanga oppad terug was. Ten spyte van advies van die Pongola produsente het ons gekies om die N2 vanaf Piet Retief deur Pongola na Durbs te neem. BAIE GROOT FOUT. Die pad is 'n gemors – dit is 'n nasionale pad en tog is daar vertragings van ure (nie minute) – vir baie kilometers is dit 'n grondpad. Waarheen het al die brandstofbelastings gegaan, waarheen het die totale begroting vir paaie gegaan? Verseker MOET instandhouding van 'n nasionale snelweg 'n prioriteit wees. In elk geval – soos die Pretoria – OR Tambo pad is dit goed om te sien dat dit aandag kry. Produsente wat beplan om vrugte vanaf die noorde met die N2 na Durbs te vervoer, moet weer dink.

## PRODUSENTE ROADSHOWS

Ons het hierdie week die CGA Roadshows afgehandel en ek wil graag alle produsente vir die gasvryheid wat ons in hul streke ontvang het, bedank – dit is 'n plesier om tot diens van hierdie groot bedryf met so 'n wonderlike groep produsente te wees. Ons het baie tydens die vergaderings geleer en het die boodskap gekry dat CGA op die regte pad met sy huidige aktiwiteite is. Die uitkomste van die Roadshows sal tydens die CGA Raadsvergadering op 22 Maart 2011 bespreek word. As daar enige spesifieke saak is wat jy wil hê jou streeks-Direkteur by die Raadsvergadering moet opper, laat hul asseblief weet. Tydens hierdie Raadsvergadering gaan ons die begroting bespreek – so as daar 'n belangrike saak is, stel ons asseblief in kennis sodat die hulpbronne toepaslik aangewend kan word.